



# Gade het reg op eis teen boedel

## Watter regte het 'n gade om te eis teen 'n boedel wat in sy geheel aan iemand anders geskenk word?

**H**et 'n gade die reg om 'n eis teen 'n boedel in te stel wanneer die boedel in sy geheel aan 'n persoon of instansie geskenk word? vra 'n leser my. Ons is almal bewus van die monster wat geskenkebelasting word.

Eers moet ons vasstel of dit 'n eis is terwyl die gade nog leef en of dit 'n eis is ná dood. Ek aanvaar hy bedoel "skenk" en nie "bemaak" (by dood) nie.

Ons kyk eers na die geval in lewe. Die Wet op Huweliksgoedere (88 van 1984) bepaal dat 'n gade met 'n belang in die boedel kan vra dat 'n hof beveel om daardie belang te beskerm.

Huwelike met die aanwasbedeling, waar die gade met die kleinste boedel 'n eis teen die een met die groter boedel het as die huwelik beëindig sou word, is 'n voorbeeld. Ook huwelike binne gemeenskap van goed, waar albei gades die boedel om die helfte besit.

Sou die gade voel dat sy te na gekom word deur so 'n skenking, kan sy die hof nader. Die hof kan dan beveel dat die boedel onmiddellik verdeel word. In so 'n saak is die hof se mag wyd, byna soortgelyk aan die hof in 'n egskedding.

By dood geld ander reëls. Dan praat ons van 'n testamentêre bemaking en die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades (27 van 1990) tree na vore. Dié wet bepaal dat

### As sy eers by dood van die skenking uitvind, meen ek die koeël is deur die kerk.

die langslewende gade 'n eis het teen die boedel van 'n oorlede gade vir sy of haar billike onderhoud tot dood, of hertrouwe.

Maar wat nou as die oorlede gade sy boedel aan 'n persoon of instansie geskenk het (maar nie die volle reg op die eiendom oorhandig het nie) vóór sy dood? Daar is twee soorte skenkings hier ter sprake.

Eerstens, hy kan dit skenk in afwagting van die dood. Só 'n skenking is herroepbaar en moet die reëls van die Wet op Testamente (7 van 1953) nakom. Met ander woorde die ontvanger van die skenker kry sy reg eers ná dood.

Tweedens, hy kan dit skenk en die ontvanger van die skenking kry dadelik 'n reg op die eiendom, maar verkry die volle voordeel daarvan eers by dood van die skenker. Die skenking is nie herroepbaar nie, die een wat die skenking ontvang, hoef net te wag tot die dood van die skenker om sy skenking op te eis.

### VRYGESTEL VAN GESKENKEBELASTING

Albei hierdie skenkings is vrygestel van geskenkebelasting, maar word wel in die boedel opgeneem vir boedelbelasting.

As die ander gade weet dat so iets aan die kom is, meen ek sy kan ingevolge die Wet op Huweliksgoedere 'n hof nader om hulp soos hierbo genoem.

As sy eers by dood van die skenking uitvind, meen ek die koeël is deur die kerk, want die Wet op Onderhoud van Langslewende Gades beperk die eis tot dit wat beskikbaar is vir erfgename – dit is ná verpligtinge nagekom is.

Maar die langslewende gade kan, na my mening en ek het nie gesag hiervoor nie, 'n hof nader om 'n bevel te maak om só 'n skenking nietig te verklaar as dit met kwade bedoelings gedoen is. Ek meen haar kans om te slaag is redelik. **LBW**

*Nico van Gijzen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële bestuursmaatskappy wat by die Raad op Finansiële Dienste gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkteverreker verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is algemene en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

#### VRAE

As jy 'n vraag het, stuur dit na [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com), tel. 021 461 2067, faks: 086 677 6314 of pos dit na Posbus 1513, Sanlamhof 6532.